# HOOFSTUK IX.

## VERSKERPTE AKSIE TEN OPSIGTE VAN ONDERWYSBEHEER EN KONSOLIDASIE VAN TRANSVAALSE ONDERWYS-ORDONNANSIES. 1940 - 1959.

### 1. Inleiding.

Na n gesloer van 10 jaar nà die publikasie van die eerste Ontwerpordonnansie in Januarie 1943 is die Nuwe Onderwysordonnansie in 1953 aangeneem. Ordonnansie no.29 van 1953 asook die verskerpte aksie ten opsigte van onderwysbeheer wat gevolg het op die De Villiersverslag word dan in die volgende volgorde behandel:

(a) Onderwyskommissies in Transvaal.
(b) Die 1953 Onderwysordonnansie.
(c) Finansiële beheer in die onderwys.
(d) Die C.N.O.-Aksie.
(e) Die Memorandum opgestel deur die Interkerklike Komitee.
(f) Algemene onderwysontwikkeling tot 1959.

### 2. Onderwyskommissies in Transvaal.

#### (a) Die Lynchkomitee.

Na die indiening van die verslag van die De Villierskommissie in 1948 het die Transvaalse Direkteur van Onderwys in oorleg met die Administrateur n departementele komitee benoem met die opdrag om na noukeurige studie in te gaan op die vraag in hoever die rapport se aanbevelings die Transvaalse onderwysbeleid affekteer en daaroor voorstelle in te dien. Die komitee het bestaan uit inspekteurs J.R. Lynch (voorsitter) en T. le Roux en twee verteenwoordigers van die Departement nl. die here F.W. Richardson en

A.K. Bot.[1]

Na raadpleging met die vernaamste onderwysorganisasies het die Komitee tot aanbevelings besluit wat in sekere opsigte radikaal verskillend was van dié van die De Villierskommissie:

„We are of the opinion that to recommend the acceptance of the Report of the Commission in its entirety would be to recommend the removal of very important educational functions from the control of the Provinces. The establishment of a National Council of Education as proposed by the Commission would we think, prepare the way for the eventual control of all education by the Union Government."[2]

Die Komitee beveel aan:[3]

(i) Die Hoër-onderwyswet moet sodanig gewysig word, dat alle nie-tegniese beroepsonderwys weer ŉ provinsiale funksie sal wees.

(ii) Dat alle provinsiale skole, wat voorsiening maak vir onderwys op die middelbare vlak hoërskole genoem moet word. Die juniorhoërskool en die skoolplaas verdwyn hiermee.

In beginsel is besluit om die uitsluitlik akademiese karakter van die hoërskool te vervang deur ŉ soort komprehensiewe hoërskool waar plek is vir alle normale na-primêre leerlinge. Wat die industrieël-tegniese studie betref, het die komitee aanbeveel dat dit voorlopig onder Uniale beheer behoort te bly.[4]

1). T.O.D.-Verslag 1949 (T.P. No.7-1952), 8.
2). T.E.D.-Report of the Departmental Committee on the Report of the De Villiers Commission, 1.
3). Id., 30.
4). T.O.D.-Verslag 1949 (T.P. No.7-1952), 9.

(b) Die Steynkomitee.

'n Verdere komitee onder voorsitterskap van inspekteur E. Steyn is op 7 Augustus 1951 benoem om ondersoek in te stel en 'n verslag in te dien insake Gedifferensieerde Middelbare Onderwys in Transvaal.[1] Die Lynch-komitee het ten einde uitvoering aan sy aanbevelings te gee as 'n eerste stap aan die hand gedoen dat 'n komitee bestaande uit uitgesoekte opvoedkundiges na die buiteland gestuur moet word om verskillende aspekte van die opvoedkundige tegnieke, deur die Kommissie aanbeveel, te bestuur alvorens daar ingrypende veranderings in die bestaande praktyk gemaak word. Daar is op gewys dat die De Villierskommissie hoofsaaklik oorsese bronne in hul verslag aangehaal het.[2]

Die komitee het soos volg aanbeveel:

(i) Elke leerling moet minstens drie jaar in 'n middelbare skool of afdeling deurbring.

(ii) Die grense van verpligte skoolbesoek moet weer wees vanaf die begin van die jaar waarin die leerling sewe jaar word tot aan die end van die jaar waarin hy sestien jaar oud word, met dien verstande dat 'n leerling wat in standerd VIII geslaag het, aan die end van die jaar waarin hy/sy vyftien jaar oud word, die skool mag verlaat. 'n Kind mag skool toe kom in die jaar waarin hy ses word. Die instansie wat skoolplig vasstel moet ook toesien dat daardie skoolplig uitgevoer word. Dit spreek dus vanself dat waar die Transvaalse Provinsiale Administrasie skoolplig vaslê hy beheer het oor al die kinders tussen die ouderdomme van 7 en 16 jaar. Die betrokke skoolbesoekbeamptes word belas om uitvoering aan die reëling te gee.

---

1). T.O.D.: Verslag deur die Komitee Insake Gedifferensieerde Middelbare Onderwys vir Blankes. (5 Maart 1953).

2). Id., par. 4.

(iii) Standerd V moet die hoogste klas in die laerskool wees. Die jaar waarin 'n leerling veertien word moet 'n leerling na 'n middelbare skool gaan afgesien van die standerd waarin hulle is.

(iv) Die doelstelling van die middelbare onderwys behoort rekening te hou met godsdienstige en morele sosiale, intellektuele, estetiese en liggaamlike ontwikkeling sowel as 'n algemene voorbereiding vir 'n lewensbestaan.[1] Die beheer oor die kind is ook van so 'n aard dat die Onderwysdepartement self besluit hoe lank die kind op 'n laer skool mag bly, wanneer hy na die middelbare skool moet gaan en watter soort onderwys en ontwikkeling hy op die twee soorte skole sal geniet. Die ouer het geen seggenskap in hierdie sake nie.

Die Lynchkomitee het aanbeveel dat verskillende rigtings deur dieselfde skool aangebied moet word.[2] Daar „toereikende differensiasie nog altyd die onopgeloste probleem van die middelbare onderwys was en dit vandag nog steeds is" - om die woorde van die De Villierskommissie aan te haal - is aan die hand gedoen dat 'n komitee benoem moet word om die vraagstuk, vir sover dit betrekking het op Transvaal, te bestudeer en dat hierdie komitee na ander lande gestuur moet word om na te vors wat daar gedoen word in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys.[3]

---

1). T.O.D.-Verslag deur die Komitee Insake Gedifferensieerde Middelbare Onderwys vir Blankes, par. 6.
2). Id., par. 7.
3). Id., par. 8.

Hier was natuurlik 'n botsing van standpunte. Die provinsies en ook Transvaal het gevoel dat alle onderwys op die middelbare vlak deur die provinsies voorsien moet word. Gedeeltes van beroeps- en tegniese onderwys was onder beheer van die Unie-onderwysdepartement en dit was juis hierdie verdeelde beheer wat gedifferensieerde onderwys onmoontlik gemaak het en die Transvaal genoop het om 'n sending oorsee te stuur om die posisie te bestudeer.

(c) Verslag van die Oorsese Sending, 1955.

Kragtens Uitvoerende Komitee Besluit no. 3867 van 20 Oktober 1954 is 'n Komitee benoem om ondersoek in te stel en verslag te doen oor gedifferensieerde middelbare onderwys in die buiteland. Die Komitee het bestaan uit dr. A.H. du P. van Wyk, direkteur van Onderwys, inspekteur I.R. Griffith en die heer A.J. Koen.

In hoofstuk III van die verslag van die Oorsese Sending word die grondwetlike beheer van alle vorme van na-laeronderwys op

(i) 'n staatsgrondslag; en

(ii) 'n plaaslike beheer grondslag, saamgevat van die verskillende lande wat besoek is.

Daar dien hier slegs 'n samevatting gegee te word:

„Die kernvraagstuk van die middelbare onderwys is vandag die probleem van differensiasie. Uit die beskrywing van die ontwikkeling in die verskillende lande blyk dit duidelik ,dat die suksesvolle toepassing van gedifferensieerde middelbare onderwys ten nouste saamhang met die mate van eenheid van onderwysbeheer. In lande soos die Verenigde State, Kanada, Skotland en Holland, waar daar geen verdeelde beheer is nie, kan die ower-

hede na goeddunke differensieer, terwyl daar in België en Swede, waar daar ook onverdeelde beheer is, maar nog nie voldoende staatsbeheerde beroepsonderwys nie, word daar in die jongste tyd rykskole gestig of beroepsonderwys by die algemene onderwys inskakel om sodoende uitvoering te gee aan die aanvaarde beleid van differensiasie. In Denemarke, met sy verdeelde beheer daarenteë, word daar tans (1955) oorleg gepleeg om aansluiting met beroepsonderwys te verkry, en sodoende 'n begin te maak met gedifferensieerde onderwys."[1]

Omdat beroepsonderwys duurder is as algemene onderwys moet van staatsweë geldelik voorsiening gemaak word.

Die keuse vir Suid-Afrika is dus vanselfsprekend: „Behou verdeelde beheer en belemmer differensiase of beëindig verdeelde beheer en bewerkstellig differensiasie."

Die Komitee beveel dan aan dat alle middelbare onderwys aan die provinsies oorgedra word.[2]

Dr. J.F.A. Swartz wys daarop dat in Suid-Afrika een leerling uit elke tien 'n middelbare beroepskool besoek terwyl in Nu-Seeland is die verhouding een tot drie. Hy bevestig die aanbeveling van die Oorsese Sending dat as ons ooit doeltreffende gedifferensieerde middelbare onderwys in ons land wil sien, sal dit in die eerste plek binne die gewone hoër- of sekondêre skool moet plaasvind.[3]

Indien verdeelde beheer beëindig word soos in die verslag van die Oorsese Sending aanbeveel

---

1). T.O.D.:Verslag van Oorsese Sending 1955,49-51.
2). T.O.D.: Verslag van Oorsese Sending 1955, 51.
3). Swartz: Gedifferensieerde Onderwys in die Middelbare skool (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Oktober 1957.)

word, sou dit beteken dat Transvaal en ook die ander provinsies weer volle beheer kry oor alle onderwys ander dan hoër onderwys soos aanvanklik bepaal in die Grondwet.

3. Die Onderwysordonnansie 1953.

(a) Inleidend.

Op 16 September 1953 is die Nuwe Onderwysordonnansie, Ordonnansie no.29 van 1953, tot samevatting en wysiging van die Wette betreffende die Onderwys in die Provinsie Transvaal finaal aangeneem deur die Provinsiale Raad en op 1 Desember van daardie jaar, deur die Goewerneur-generaal goedgekeur.[1)]

Die aard van die nuwe ordonnansie is nie rewolusionêr nie, maar wel ewolusionêr, sy karakter gegrond op dié van die Onderwys Wet van 1907 waarvan die breë beginsels onveranderd bly.[2)]

Die ordonnansie is nie 'n nuwe skepping nie, maar dit het met behoud van die vier hoekstene van die Smutswet in 1907 geleidelik uit die verlede gegroei wat sedertdien deur 25 wysigingsordonnansies geamendeer is. Konsolidasie was dus lankal noodsaaklik. Dit laat sommige bepalings wat verouderd is, weg, verduidelik sommige geskilpunte waarvan die interpretasie onseker was, gee groter elastisiteit aan andere en sluit voorts 'n paar gapings wat met die loop van tyd voor die dag gekom het.[3)]

---

1). T.O.D.-Verslag 1953 (T.P. No.5-1956), 16.
2). Ibid.
3). Id., 17.

Die vier hoekstene van die Smutswet - sentrale finansiering en beheer, plaaslike bestuur, godsdienstige basis en die beginsel van taalgelykheid - bly vas verskans, terwyl die gevestigde beginsels van kostelose en verpligte onderwys, organisasie van skole, veiligheid van onderwysers se dienstyd, toelaatbare stigting van private skole en die voorsiening van nie-blanke onderwys onveranderd bly.[1]

(b) Beheer van en beleid insake die onderwys.

Die sentrale beheer en die beleid insake onderwys in Transvaal word behandel in Hoofstuk I, en is vervat in artikels 3 tot 7 van die onderwysordonnansie van 1953.

(i) Instelling en funksies van Onderwysdepartement.[2]

Die Administrateur stel 'n Direkteur van Onderwys aan wat aan die hoof van die Departement sal staan en wat onder die gesag en die beheer van die Administrateur sal staan. Dit sal die funksie van die Direkteur wees om die progressiewe ontwikkeling van die onderwys te bevorder en om deur sy leiding en beheer doeltreffend uitvoering te gee aan die provinsiale onderwysbeleid.

Die provinsiale onderwysbeleid maak voorsiening vir 'n omvattende onderwysdiens waardeur die kinders in ooreenstemming met die wense van hul ouers opgevoed word en 'n gees van volkseenheid aangekweek word en rassesamewerking in Suid-Afrika bevorder word.[3] Indien die kinders werklik na die wense van hul ouers in die praktyk opgevoed word, is die C.N.O.-stryd vol-

1). T.O.D.-Verslag 1953 (T.P.No.5-1956), 17.
2). Onderwysordonnansie 1953, art. 3.
3). Id., art. 3(i)(d)(ii).

stry, want dis in hoofsaak waarom dit gaan. Die C.N.O.-beleid sê: „die ouer moet oor die gees en die rigting van die onderwys beslis, dat hulle skole volgens hulle lewens- en wêreld-beskouing moet oprig, in stand hou en beheer, dat hulle die onderwysers benoem en oor hulle toesig hou." Die ouer kan, soos sake is, sy wense slegs deur 'n adviserende skoolkomitee laat geld, en dit hou maar min in.

Die Direkteur se bevoegdhede omvat om van tyd tot tyd vir laer en middelbare onderwys kursusse voor te skryf, asook vir die opleiding van onderwysers. Laer onderwys omvat die ouderdomme van 6 jaar tot ongeveer 13 jaar, dit wil sê tot en met standerd vyf en middelbare van ongeveer 14 jaar tot ongeveer 18 jaar, dit wil sê van standerd ses tot en met standerd tien.

Die funksie van die Departement is verder die verrigting van alle werksaamhede wat noodsaaklik is vir die algemene beheer van die onderwys en dit sluit in.[1)]

(i) die opstelling en uitvoering van onderrigleerplanne;

(ii) die instelling, die hou van toesig en uitoefening van beheer oor en die afneem van eksamens, en die toekenning van sertifikate aan leerlinge;

(iii) die opleiding en sertifisering van onderwysers en voornemende onderwysers;

(iv) die inspeksie van provinsiale onderwysinrigtings, ander onderwysinrigtings van die Departement en van onderwysers en leerlinge;

(v) die bepaling van die personeelsterkte asook die klerklike en ander hulp wat nodig is vir sodanige onder-

---

1). Onderwysordonnansie 1953, subartikel 3(2).

wysinrigtings;

(vi) die bepaling van vakansietye en die opstelling van die skoolkalender;

(vii) die vasstelling van die nodige fasiliteite vir provinsiale onderwysinrigtings en ander onderwysinrigtings van die Departement.

(viii) die uitoefening van enige bevoegdheid en die vervulling van enige plig wat by die Ordonnansie aan hom verleen of opgelê is, en

(ix) die uitreiking of bekendmaking van sodanige voorskrifte rakende die onderwys as wat die Direkteur ingevolge die Ordonnansie kan gee.

Die beleid van die Departement asook die bepalings van die Direkteur se bevoegdhede en die Departement se funksie is duidelik omskryf en in sommige opsigte nuut gestel in die nuwe Ordonnansie van 1953. Die Departement se beheer oor die Onderwys is wydgestel en dek die hele wese van die onderwys. Magte wat die skoolrade het is slegs gedelegeerde magte terwyl die skoolkomitees toesighoudende en adviserende magte het. Die beheer in die onderwys in Transvaal is in wese sentraal geleë.

(c) Die Raad van Advies insake Onderwys.

Die belangrikste toevoeging skyn in art. 4 te wees wat voorsiening maak vir die instelling van 'n Raad van Advies insake Onderwys, om die Direkteur te adviseer oor alle sake van 'n profesionele aard. Die Raad kan op eie inisiatief of op versoek van die Direkteur oor enige saak advies gee. Kragtens sy funksie en sy samestelling behoort die Raad 'n stabiliserende faktor asook 'n progressiewe invloed in die onderwys te wees.[1] Hierdie Raad is eintlik 'n herlewing

1). T.O.D.-Verslag 1953 (T.P. No.5-1956), 17.

in 'n ander gedaante van die onderwysraad wat deur die Smutswet geskep en weer sonder meer in 1915 afgeskaf is. Soos gestel is die Raad slegs adviserend en berus die beheer by die Direkteur. Dit verlig die groot verantwoordelikheid wat op die Direkteur van Onderwys rus, maar doen nie af aan sy mag nie. Die samestelling van die Raad : gewoonlik die hoofinspekteur, twee inspekteurs van onderwys, drie persone wat 'n deeglike kennis dra van onderwystoestande in Transvaal en twee ander persone wat na die mening van die Administrateur deeglik kennis dra van onderwyssake in Transvaal, sal nie meebring dat daar aan die sentrale gesag van die Departement afgedoen word nie. Die funksies van die Raad wat beperk is tot navorsing, tegniese en professionele voorligting is slegs adviserend.

Die Raad van Advies vervang die Professionele Onderwysraad wat sedert 7 November 1951 bestaan het.

(d) <u>Algemene magte van die Administrateur.</u>[1)]

Die Administrateur kan:

(i) koshuise, onderwyswonings, of inrigtings wat aan enige provinsiale onderwysinrigting behoort instel, onderhou of 'n toelae of voorskot ter ondersteuning daarvan toestaan;

(ii) enige kliniek waarvoor in die Wet op Spesiale Skole 1948, nie voorsiening gemaak is nie, instel, bestuur en onderhou vir die geneeskundige, tandheelkundige of sielkundige ondersoek en behandeling van skoolkinders;

(iii) toelaes aan inrigtings toe te staan wat nie onder die Wet op Staatsondersteunde Inrigtings 1931 (Wet no. 23 van 1931), of ingevolge artikel 17 van die Kon-

---

1). Onderwysordonnansie 1953, artikel 6.

solidasie- en Wysigingswet op Finansiële verhoudings 1945 (Wet no. 38 van 1945), 'n inrigting vir hoër onderwys verklaar is nie:

1. Enige inrigting waar voorsiening vir onderwys van 'n tegniese, natuurwetenskaplike of literêre aard gemaak word;

2. Klinieke van die aard bedoel by (ii);

3. inrigtings vir die onderwys en opleiding van afwykende kinders; en

4. kleuterskole; en

(iv) geldelike voorsiening maak vir die afneem van eksamens wat onder die toesig en beheer van die Departement gehou word;

(v) voorsiening vir vervoer van kinders;

(vi) voorsiening vir verpligte geneeskundige inspeksie en die uitsluting van 'n leerling, student, onderwyser of ander persoon om geneeskundige redes;

(vii) voorsiening vir geneeskundige, tandheelkundige en sielkundige behandeling van skoolkinders vir wie ander fasiliteite nie doeltreffend genoeg is nie;

(viii) enige vereniging van onderwysers of komitee bestaande uit verteenwoordigers van sodanige erkende verenigings erken as verteenwoordigend van enige groep of klas onderwysers en hy kan ook sodanige erkenning te eniger tyd wysig of terugtrek; en

(ix) in die algemeen die nodige voorsiening maak vir die behartiging van onderwys wat nie in stryd is met die Ordonnansie nie.

Ook die magte van die Administrateur is duidelik omlyn. Die Administrateur sorg vir die oprigting van onderwysinrigtings en die ouer het hierin geen sê nie.

(e) Plaaslike bestuur van Provinsiale Onderwysinrigtings.

(i) Skoolrade.

Wat die plaaslike bestuur van onderwysinrigtings betref, word skoolrade, beherende liggame en skoolkomitees as statutêre liggame met dieselfde funksies en bevoegdhede as tot hier toe behou. Die vernaamste veranderings raak die samestelling van skoolrade waar die invoering van ʼn elastiese wykstelsel van verteenwoordiging toegepas word. Die indeling in wyke vind op die basis plaas met inagneming van bepaalde gespesifiseerde faktore. Die nabyheid van ʼn provinsiale onderwysinrigting wat deel uitmaak van die stemeenheid is nou oorwegend.[1] Elke vader of moeder of voog in Transvaal woonagtig, van een of meer kinders op die register van ʼn provinsiale onderwysinrigting vir blanke kinders, kan stem. Daar is dus weggedoen met die algemene kieserslys as basis vir skoolraadsverkiesings.

Die skoolrade se bevoegdhede en pligte bly toesighoudend en die gesag wat dit besit is voorskriftelik opgedra, die beheer wat dit dus uitoefen is gedelegeer.

Onder die Wysigingsordonnansie no.21 van 1955 word spesifiek en by implikasie belangrike pligte aan skoolhoofde opgedra in verband met die opstel en byhou van kieserslyste en die uitvoering van die Ordonnansie.[2] Die nuwe reëling maak daarvoor voorsiening dat die stemgeregtigde ouer sy stem by ʼn

---

1). T.O.D.-Verslag 1955 (T.P. no. 5-1958), 5.
2). Wysigingsordonnansie 1955, artikel 13.

stemburo deur middel van ŉ stembrief kan uitbring.[1]

Die skoolraad is die noodsaaklike rat in die onderwysmasjinerie. Hulle funksies is adviserend, diskresionêr en uitvoerend van aard.[2]

Hulle is adviserend ten opsigte van die benoeming van onderwysers, oprigting van geboue, toekenning van beurse, instelling van vervoerskemas, ens. Hulle is diskresionêr met betrekking tot die handhawing van verpligte skoolbesoek, gebruik van skoolgeboue, onderneming van hersteldienste, ens., terwyl hulle uitvoerende magte beperk is tot gedelegeerde funksies ten opsigte van geboue, ameublement, skoolkomitees, ens.

(ii) <u>Skoolkomitees en Beheerrade</u>.

Daar is nou ŉ verpligte instelling van skoolkomitees met uitgebreide bevoegdhede ten opsigte van aanbevelings vir die aanstelling van onderwysers. Die skoolraad maak sy eie aanbevelings, maar die aanbevelings van die komitee dra presies dieselfde gewig by die Departement as dié van die skoolraad. Die finale beslissing in verband met die permanente aanstelling van onderwysers berus by die Direkteur.[3]

Die skoolkomitee vorm ŉ skakel tussen die ouers en die Departement deur bemiddeling van die skoolraad oor die nie-professionele belange van sy skool.[4]

---

1). Wysigingsordonnansie 1955, artikels 22 en 23.
2). Onderwysblad, 1 Mei 1953. (Toespraak deur dr. A.H. du P. van Wyk oor: Die nuwe Ontwerp-Onderwysordonnansie.)
3). Onderwysordonnansie 1953, artikel 74.
4). T.O.D.: Die Skoolkomitee en sy Betekenis (1958), 4.

In die handleiding oor Die Skoolkomitee en sy Betekenis 1958[1] word dit gestel, „dat dit duidelik is dat die ouers van 'n skool deur sy verkose komitee belangrike bevoegdhede besit in verband met die beheer van hulle skool. Die beginsel van ouerreg i.v.m. die beheer het sy toets meer as 50 jaar lank deurstaan."

Die ouerreg wat ook ter sprake was in art. 3(1)(d)(ii) van die Onderwysordonnansie van 1953 is slegs adviserend. Die ouer het geen seggenskap oor die gees en die rigting van die skool nie, oor wat aan sy kind geleer word nie. Die Skoolkomitee asook die Beheerraad wat daarmee saamval bied dus slegs ouerreg in naam aan die ouers.

(iii) Standpunte ten opsigte van Plaaslike Beheer.

(1). Prof. Chris Coetzee verklaar in 1952 in 'n artikel oor Plaaslike Bestuur en Skool in die Onderwysblad[2] en tydens 'n toespraak gerig aan die Oueronderwysersvereniging van die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria oor 'n Uniale Onderwysraad[3] dat die ouergemeenskap die reg het om deurmiddel van die skoolkommissie die gees en die rigting van hulle kinders te bepaal. Die skoolkommissie ontvang sy opdrag van die ouer- onderwysersvereniging. Die opdrag word in 'n Christelik-demokratiese land bepaal deur die meerderheid van die ouers. Die ouergemeenskap verlang 'n Christelik Nasionale skool. Die staat moet die ouers steun om dit te kry. Die ouergemeenskap verlang vir sy C.N.-skool 'n C.N.-onderwyser. Die staat moet toesien dat hulle 'n C.N.-onderwyser van hulle keuse kry. Die skoolkommissie moet dus namens die ouergemeenskap die beginsel, die gees en die rigting van die skool

1). T.O.D.: Die Skoolkomitee en sy Betekenis (1958), 10.
2). Onderwysblad, 1 Augustus 1952.
3). Woord en Daad, Junie 1959.

bepaal en dit moet die onderwyser vir die skool kies. Die keuse van die onderwyser bly vir prof. Coetzee die reg van die skoolkommissie en nie van die skoolraad of die Departement nie.

Verder beklemtoon prof. Coetzee 'n baie belangrike saak, dit is die stigting van ouer-onderwysersverenigings by elke skool wat die skoolkomitee moet kies en dra. Die Afrikaner ouer het nie die gewenste belangstelling in onderwyssake getoon weens 'n verskeidenheid redes nie. Gedurende die afgelope dekade het daar van verskillende kante pogings gekom om die Afrikaanse ouer tot groter deelname en belangstelling aan te spoor. Die Transvaalse Onderwysdepartement het die stigting van ouerverenigings aangemoedig,[1] die Transvaalse Onderwysersvereniging het by monde van sy blad[2] gedurig 'n beter verhouding tussen huis en skool bepleit en ook 'n konsepkonstitusie beskikbaar gestel. Ook het die Afrikaanse Calvinistiese Beweging in 1958[3] 'n konstitusie vir ouer-onderwysersverenigings beskikbaar gestel. Hierdie pogings is van verskillende kante met sukses bekroon.

(2) Die Transvaal Teachers Association teken protes aan teen die wykstelsel, omdat 'n deel van die belastingbetalers wat nie kinders op skool het nie, die reg ontneem is om vir skoolrade te stem.[4] Vir die T.T.A. word onderwys nou 'n „National concern and does not concern merely the children in school."

---

1). T.O.D.: Die Skoolkomitee en sy Betekenis 1958, 20.
2). Onderwysblad.
3). Woord en Daad, Mei 1958.
4). The Transvaal Education News, September 1955, 7.

(f) Godsdiensonderwys.

Daar is geen verandering in die bepalings vir godsdiensonderrig nie, uitgesonder in die bewoording van die artikel wat handel oor die onderrig van dogma, waar die verandering gemaak word dat die woorde „eigen aan" in die Wet nou „onderskeidend van" word en dit gee 'n juister vertolking van die bedoeling van die wetsopsteller.[1)]

Elke openbare skool begin die skooldag met die lees van 'n gedeelte uit die Bybel en 'n gebed. Sowat twee uur godsdiensonderrig moet in laer skole gegee word en een per week in middelbare skole. Alleen onderwysers wat lid is van 'n personeel mag godsdiensonderrig gee. Indien 'n ouer versoek om vrystelling vir sy kind van godsdiensonderrig moet die leerling vrygestel word.[2)]

Dit is die doelstelling dat die onderwys in Transvaal op 'n besliste godsdienstige grondslag sal berus, terwyl daar geen afbreuk gedoen sal word aan die beginsel van geloofsvryheid nie; met ander woorde die onderwys mag nooit sekulêr wees nie, maar wel nie-dogmaties. Godsdiens is en bly die grondslag van ware onderwys en opvoeding.[3)]

Volgens die C.N.O.-beleid opgestel deur die I.C.N.O. moet die onderrig in Bybelse geskiedenis nie bloot 'n mededeling van feite wees nie, en die onderrig in christelike geloofsleer moet nie kleur-

---

1). Onderwysordonnansie 1953, subartikel 53)4).
2). Id., artikel 53.
3). Onderwysblad, 1 Mei 1953. (Toespraak deur dr. A.H. du P. van Wyk oor Die Nuwe Ontwerp - Onderwysordonnansie).

loos en hermeties van die ander skoolwerksaamhede afgeskei wees nie, maar beide moet daarmee een organiese geheel vorm en beide moet geskraag word deur en in ooreenstemming wees met die geloofsoortuiging van die ouers van die kinders soos in die Belydenisskrifte wat die ouers aanvaar het, uitgedruk is. Ten opsigte van Afrikaanssprekende kinders beteken dit dat die onderrig in Bybelse geskiedenis en geloofsleer ooreenkomstig die Belydenisskrifte van ons drie Afrikaanse kerke moet geskied. Die godsdiensonderwys moet nie net self van hoë gehalte wees nie, maar moet so 'n sentrale plek in die onderwys inneem dat dit die gees en rigting van alle vakke en van gans die skool bepaal.[1] C.N.O. glo verder dat die ouers-in-gemeenskap die gees en rigting moet bepaal; hulle moet in samewerking met die kerk en die staat skole stig, in stand hou en beheer.[2] Vir die C.N.O.-voorstander is die provinsiaalbeheerde skole nie Christelik nie, dit kan slegs Christelik wees indien godsdiensonderwys die gees en rigting van alle vakke bepaal, en onder huidige omstandighede alleen wanneer die ouer as lid van die kerk die gees en rigting kan bepaal, d.w.s. groter plaaslike seggenskap en beheer deur die ouers. Waar die onderwys sentraal beheer word soos in Transvaal kan godsdiensonderwys alleenlik 'n neutrale kleur hê. Indien die beheer gedesentraliseerd is en die ouers-in-gemeenskap die gees en rigting bepaal kan dit in die ware sin van die woord christelik wees, dus dan ook wel dogmaties. Indien Godsdiens, soos dr. Van Wyk dit gestel het, die grondslag van ware onderwys en opvoeding moet bly, dan kan dit nie anders as ook dogmaties wees nie. Dit is dus nie moontlik om nie-

1). I.C.N.O.: Christelik-Nasionale Onderwysbeleid, art. 6 (2).
2). Id., art. 8 (3).

dogmatiese godsdiensonderwys te vereis en nogtans godsdiens die fondament van ware onderwys en opvoeding te maak nie.

(g) Taalonderwys.[1)]

Die ordonnansie maak voorsiening vir verpligte moedertaalonderwys tot en met st. VIII, met dien verstande dat nie-ondersteunde privaatskole nie hieronder sal ressorteer nie. Die basiese onderwysbeginsels van die Wet, naamlik taalgelykheid en huistaal as verpligte voertaal is behou: ŉ duideliker prosedure vir die bepaling van die huistaal is geformuleer, voorsiening is gemaak vir duidelike (voorheen stilswyende) aanduiding deur die ouer van die gewenste voertaal en vir meer speelruimte vir appèlle na die Administrateur (Uitvoerende Komitee). Die beginsel dat skoolorganisasie op ŉ taalmediumbasis toelaatbaar is, word behou en ŉ verdere toepassing van die beginsel van ouerlike reg is vervat in die voorsiening van enkelmediumskole op versoek van ouers in sekere omstandighede (voorbehoudsbepaling by sub-artikel 3 van artikel 56)[2)] Die regte van elke taal is hiermee beskerm, maar dit gee nog nie vir ons nasionale onderwys nie. Onder die nasionale beginsel word verstaan liefde vir alles wat ons eie is, met spesiale vermelding van ons land, ons taal, ons geskiedenis en ons kultuur.[3)] Taal is maar een aspek van die nasionale. In Suid-Afrika kan die nasionale aspek alleen ten volle uitgeleef word in aparte Afrikaanse skole waar die ouer die gees en rigting bepaal, dus weer, meer beheer aan plaaslike instansies. Dit is ŉ feit dat ons skole netso kleur-

---

1). Onderwysordonnansie 1953, artikels 54-65.
2). T.O.D.-Verslag, 1953 (T.P.no.5-1956), 18.
3). I.C.N.O.: C.N.O.-beleid, art. 1.

loos is ten opsigte van die Christelike doelstelling

(h) <u>Onderwysers, aanstellings en diensvoorwaardes.</u>[1]

Die diensvoorwaardes van onderwysers soos die wyse van aanstelling (is reeds by die werksaamhede van die skoolkomitee uiteengesit), beëindiging van diens as gevolg van ondoeltreffende werk of wangedrag wat voorheen in regulasies vervat is, is op versoek van die georganiseerde professie in die Ordonnansie ingelyf. 'n Toevoeging van belang vir die beroep is dié wat handel oor die gekontroleerde uitoefening van politieke en burgerregte, [2] die samestelling van 'n Raad van Appèl en die magtiging van die Administrateur om regulasies te maak vir die aanstelling van getroude onderwyseresse in 'n permanente hoedanigheid.[3]

Die onderwysverenigings het aangedring op die instelling van 'n keurkomitee wat alle moontlike kerkistiese, nepotistiese en politieke faktore sou beperk, indien nie heeltemal uitskakel nie. Sodanige instelling is dan ook sterk deur die Onderwyskommissie van 1939 aanbeveel en van departementsweë in 'n ontwerpordonnansie ingevoeg. Die Gekose Komitee daarenteë het die voorgestelde masjinerie twyfelagtig gevind en gevolglik skrapping daarvan voorgestel.[4] So 'n keurkomitee sou die vrye keuse van die ouer tot 'n mate beperk het, want slegs 'n gekeurde aantal kandidate sal dan aan die skoolkommissie voorgelê word vir keuring. So 'n reëling sou nietemin die onderwysprofessie ten goede gestrek het, want daar is baie onte-

---

1). Onderwysordonnansie 1953, artikels 67-95.

2). Id., art. 85.

3). T.O.D.-Verslag, 1953 (T.P. no. 5-1956), 18.

4). Die Transvaalse Onderwysvereniging het 'n Bevorderingsraad of Keurkomitee aanbeveel met die doel om die ouers te help om die bevoegdste onderwysers vir hulle skole te kies.

vredenheid by die onderwysers, omdat voorkeur dikwels gegee is deur skoolkommissies sonder inagneming van ervaring en kwalifikasies.

(i) Verpligte onderwys.

Hier is die enigste verandering dat waar die Administrateur volgens die Wet die ouderdomsperke by proklamasie kan vasstel, hierdie perke tans by Ordonnansie bepaal word. Die perke bly onveranderd, naamlik van die begin van die jaar waarin die kind sewe word tot die end van die jaar waarin hy sestien jaar oud word.[1)]

Die skoolrade beskik oor diskresionêre magte ten opsigte van die toepassing van verpligte onderwys. Die skoolbesoekbeamptes voer dan ook hierdie taak uit.

(j) Openbare Onderwys.[2)]

Artikel 103 bevat 'n verandering in verband met kostelose onderwys. Waar die Wet bepaal het, dat ook in 'n onderwysopleidingskollege geen skoolgelde betaalbaar is nie, word die vermelding nou weggelaat. Onderwys is vry in Transvaal. Hierdie vergunning wat C.N.O.-onderwys in die wiele gery het, was nog altyd 'n steen des aanstoots. Die C.N.O.-ouer wil net soos die ouer in die V.S.A., Engeland en Nederland 'n deel van die skoolgelde betaal, al is dit hoe gering. Dit sal groter belangstelling van die ouer verseker, maar in ruil daarvoor wil die ouer dan 'n mate van seggenskap hê oor die onderwys van sy kind deur die bepaling van die gees en die rigting van die skool en die keuring van die onderwyser wat sy kind moet opvoed.

---

1). T.O.D.-Verslag, 1953 (T.P. no.5-1956), 18.
Onderwysordonnansie 1953, artikels 96-99.

2). Onderwysordonnansie 1953, artikels 101-104.

(k) Private skole.

(Artikels 105-109).

Hier is daar aansienlike wysigings. Die nuwe bepaling verduidelik sommige van die vae en baie wye bevoegdhede wat in die Wet van 1907 begrepe was en verskerp die beheer oor die privaat skool - 'n saak van enige kommer vir die algemene publiek - deurmiddel van registrasie en inspeksie. Dit word egter baie duidelik gestel dat enige beheer wat uitgeoefen word slegs is ten opsigte van leerlinge van verpligte skoolgaande ouderdom. Die belangrikste verandering van die Wet in sy huidige vorm is egter dat die Ordonnansie die Administrateur verhinder om hulptoelaes aan private skole te betaal uitgesonderd aan die wat op die oomblik sodanige toelaes ontvang.[1)]

Die hoofverdienste van Ordonnansie no.29 van 1953 is die konsolidering van alle onderwyswetgewinge, kleiner ordonnansies, regulasies en reëls.

4. Finansiële beheer in die onderwys.

Die posisie het onveranderd gebly van 1925 tot 1945. Op 1 April 1945 is die finansiële verhoudinge tussen die Unie en Provinsies by Wet No.38 van 1945[2)] gekonsolideer. Sedert 1945 voorsien die sentrale owerheid as 'n algemene subsidie aan die Provinsiale Inkomstefondse 'n bedrag gelyk aan vyftig persent van die netto uitgawes van die Provinsie gedurende daarde boekjaar. Transvaal is dus heeltemal gebind aan die sentrale owerheid wat die bedrag van toekenning aangaan, maar is volkome vry wat die metode van

---

1). T.O.D.-Verslag 1953 (T.P. no.5-1956), 18.

2). Die Uniewette 1910-1947. Konsolidasie en Wysigingswet op Finansiële Verhouding 1945.

uitgawe betref : die geldvoorsiener het geen beheer oor die geldbesteding nie.

Dit is van belang om daarop te let dat die bepaling van die beheer van die onderwys in Suid-Afrika, stewig gekoppel is aan die finansiële vermoë van die provinsies om in die verskillende vertakkings van die onderwys te voorsien.[1)]

5. Die C.N.O.-aksie.

Een van die besluite van die C.N.O.-kongres gehou op 5-7 Julie 1939 te Bloemfontein was dat die F.A.K. 'n instituut in die lewe moes roep om die histories geworde ideaal van C.N.O. voortdurend te propageer. Die instituut bekend as die I.C.N.O. (Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys) het gou ingesien dat 'n voorvereiste van hulle werk was om tot 'n vollediger formulering van die C.N.O.-beleid te kom. Hierdie taak is in Februarie 1948 voltooi.[2)]

Van belang vir die doel van hierdie verhandeling is Art. 8 wat gaan oor die beheer van die onderwys:[3)]

(a) Geen gemengde skool: I.C.N.O. staan aparte Afrikaanse en Engelse skole voor.

(b) Huis, Skool en Kerk: I.C.N.O. glo dat die nasie in die huis, die skool en die kerk gekweek word, en dat hulle mekaar moet aanvul in die vorming van die kind.

---

1). Pauw: Die Suid-Afrika-Wet en Dubbele Beheer in die Onderwys, 22-23.

2). I.C.N.O.: Christelik-Nasionale Onderwysbeleid, Voorwoord.

3). Id., 16.

(c) Die Huis: Die onderwys en opvoeding van die kind is die plig van die ouer, die ouer moet dan in samewerking met die kerk en die staat, dus oor die gees en die rigting van die onderwys beslis, dat hulle skole volgens hulle lewens- en wêreldbeskouïng moet oprig, in stand hou en beheer, dat hulle die onderwysers benoem en oor hulle toesig hou. Die ouers-in-gemeenskap en nie as individue nie, moet die gees en rigting bepaal; hulle moet in samewerking met die kerk en die staat skole stig, in stand hou en beheer.

(d) Die Kerk: I.C.N.O. glo dat die Kerk moet toesig hou oor die gees en rigting van die opvoeding en dus ook van die skoolopvoeding, dat dit moet toesien dat daar Christelike en Nasionale skole vir die onderwys van sy jeugdige lidmate is, dat dit oor die leer en lewe van die onderwysers as lede van die kerk die nodige tug moet uitoefen. Die kerk hou toesig deurmiddel van die ouers. Die kerk stig in gewone omstandighede nie skole nie, maar hy is verplig, om terwille van die geloof in buitengewone omstandighede, skole te stig.

(e) Die Staat mag nie oor die gees en rigting van die skool, solank dit nie volgens die Wet van God, staatskadend en staatsvernietigend is nie, beslis nie. Die staat moet sorg dat die onderwys van 'n goeie wetenskaplike gehalte is, dat die vorming van die kind sedelike vorming is. Waar die ouers hulle pligte teenoor hulle kinders verwaarloos, moet die staat as oppermag oor alle kinders die inisiatief in die oprigting van skole neem en behou tot tyd en wyl die ouers begeer om hulle regte self uit te oefen.

(f) Die Skool: I.C.N.O. glo dat die skool sy reg en mag van onderwys en opvoeding vanweë die ouers ontvang en dat dit dus die kinders volgens die lewens- en wêreldbeskouïng van die ouer-in-gemeenskap en in hul nasionale verband moet opvoed. Die skool moet sy funksie selfstandig uitoefen, d.w.s. hy moet soewerein in eie kring wees ten opsigte van die metode van onderwys, leerplanne, skooltug, ens. Die skool moet Christelik-Nasionaal wees.

(g) Die organisasie van die skoolstelsel.

Die instandhouding van die skole moet 'n gesamentlike onderneming wees en wel in die volgende verhouding: die ouers moet bydra tot die bestryding van skooluitgawes; die kerk moet die behoeftige ouers geldelik steun om hulle opvoedingstaak te vervul; die staat moet die hoofaandeel in die bestryding van die skooluitgawes op hom neem. Die beheer berus in die eerste plek by die ouers; die kerk mag slegs deurmiddel van die ouers die nodige beheer uitoefen; maar die staat moet toesien dat die reg tussen die ouer, die onderwyser, die kerk en die staat op skool gehandhaaf word. Daarom moet daar skoolkomitees wees vir afsonderlike skole. In die skoolrade moet verteenwoordigers van skoolkommissies (ouerrade) en van die staat sit, maar daarop moet steeds ook verteenwoordigers van die onderwysprofessie sitting hê. In die hoogste instansie, nl. die onderwysraad vir elke provinsie, moet die skoolrade, die staat en die onderwysprofessie verteenwoordig word, maar ook opvoedkundiges en ander vakwetenskaplikes. I.C.N.O. glo dat ons ideaal die Christelike -Nasionale skool is en bly, maar besef ook dat die taak voorlopig in direkte deursuring van die gangbare openbare skool deur die Christelike-Nasionale

gees en rigting lê.

Dié beleid gestel verteenwoordig ook die standpunt van die Gereformeerde Kerk.

Met die 22ste Sinode van die N.H. of G. Kerk in 1951 verklaar die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys baie nadruklik om enige misverstand te voorkom:[1)]

„Onder Christelik-Nasionale Onderwys verstaan ons Kerk geensins die daarstelling of oprigting van aparte kerkskole (soos ten onregte deur sommige beweer), maar wel die Christelike beïnvloeding van ons bestaande skole in ooreenstemming met die besondere Christelike belydenisse wat eie is aan die Gereformeerde Kerke in S.-A.".

Ds. J. Dreyer stel dan die Hervormde standpunt saaklik:

„Ons verwerp die Groepskool of Staatsondersteunde Vryeskool as synde onnasionaal. Ons verwerp die neutrale Staatskool as synde godsdiensloos en kleurloos. Ons staan vir die Christelik Nasionale Volkskool.[2)]

Die Hervormde kerk voel dat die Christelik nasionale onderwys nie afgehok moet word in allerhande soorte van vrye christelike skole nie, maar dit moet die gees en karakter wees van die groot openbare volkskole, om die jeug en daarmee die volk van die toekoms vas te hou. Prof. Coetzee wys egter nadruklik daarop dat daar nie gepleit word vir sekte- of kerkskole nie.[3)]

Die houding van die Engelse bevolkingsdeel ten opsigte van die C.N.O. was al die jare dieselfde en

---

1). Handelinge van die 22ste Sinode van die N.H. of G. Kerk van Suid-Afrika 1951, 221.

2). Dreyer: Christelik-Nasionaal Onderwys (Die Hervormer, November 1949).

3). Die Hervormer, Desember 1949.

spruit voort uit hulle liberalistiese en imperialistiese lewensopvatting. Hulle beskou die Calvinistiese beskouing, dat die gees en rigting van die skool Christelik moet wees, as bekrompe en onwetenskaplik.[1] Sodra aangedring is op aparte skole vir die twee rasse asook dat die skool 'n nasionale karakter moet dra, is dit bestempel as rassehaat.[2]

In Februarie 1949 word in die amptelike Engelse onderwysblad 'n aanval teen C.N.O. geloods.[3] Hulle verskil ten opsigte van die beheer van die onderwys:

(a). „We feel that there should not be complete segregation of English and Afrikaans-speaking sections.

(b). We consider that parents, teachers and state should co-operate in educational matters, but that no one section should be allowed to dominate the bodies controlling the schools nor dictate their policy. The church should have no control over the schools."

I.C.N.O. sê nêrens dat die kerk beheer moet hê oor die onderwys nie. I.C.N.O. vra slegs Afrikaanse skole wat die Afrikaanse lewensopvattings vertolk vir die Afrikaanse kind en Engelse skole vir die Engelse kind waar die Engelse ouer sy kind na sy eie wense kan opvoed.

Die Engelssprekende onderwysers keur ook die beginsels vervat in I.C.N.O. af op 'n onderwysers-konferensie:[4]

---

1). Venter: Verband tussen Kerk en skool in S.A.,41.
2). Die Hervormer, 15 April 1910, 3.
3). Transvaal Education News, February, 1949.
4). Rand Daily Mail, 1 July 1949.

> „It considers it the duty of the teachers to give the children the vision and ideal of a united South African nation composed of various races, creeds, and cultures, bound by a common allegiance to South Africa," en daarom verdoem dit die

enge definisie van nationaal in die I.C.N.O.- pamflet. En verder:

> „It opposes strongly, therefore the institutes conception of control by home and Church and particularly the authority it would permit them to exercise over the private lives and professional activities of teachers."

Die Opvoedingsbond (Education league) het deur die publikasie van „Blueprint for Blackout"[1] 'n venynige aanval op I.C.N.O. geloods. Die mense verstaan met opset verkeerd. C.N.O. wil niks op vreemde groepe afdwing nie. Dit behou alleen die reg voor om sy eie kinders te gee wat hy dink vir hulle die beste is. Die Engelssprekende instansies in Transvaal was sedert die Selborne-memorandum nog altyd gekant teen enige beheer deur die huis en die kerk in ons skoolwese. Hulle het dan ook konsekwent enige poging aan Afrikaanse kant om die onderwys na sy eie wense te reël, teengegaan.

6. Die Memorandum opgestel deur die Interkerklike Komitee soos dit die beheer in die Onderwys in Transvaal raak.

(a) Inleiding.

In 1955 vorm die Afrikaanse Kerke 'n verenigde front en gee 'n memorandum uit in Februarie 1955, aangevul in Maart 1955. Hulle pleit onomwonde om 'n

---

1). Interkerklike Komitee: Memorandum, 4.

Uniale Onderwysbeleid en om die beëndiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys. Die memorandum en sy aanvulling is opgestel deur die Interkerklike Komitee van die Hollands-Afrikaanse Kerke van Suid-Afrika, vir voorlegging aan sy Edele die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

Hierdie Interkerklike Komitee het tot sy beskikking gehad tevore opgestelde memoranda sowel as die advies van onderwysmanne met heelwat kennis en ondervinding van die struktuur en administrasie van provinsiale, uniale en universitêre onderwys en van onderwysbeleid en onderwysbeheer.[1)]

Noukeurige ondersoek is ingestel na die bestaande stelsel,

(a) soos dit, weens die gebrek aan 'n nasionale onderwysbeleid en die verdeelde beheer, al die provinsies tref, en

(b) soos dit ten opsigte van die voorsiening vir handelsonderwys die Provinsie Transvaal in besonder tref.

(b) Geskiedkundige oorsig van die probleem.

Die bepalings van die Suid-Afrika-Wet van 1909 word geskets asook verskeie verslae en bevindings van die verskillende Kommissies word weergegee.[2)] Hierdie aspekte word nie weer herhaal nie daar hierdie

---

1). Interkerklike Komitee: Memorandum, 4.

2). Id., 5-15.

verhandeling reeds breedvoerig daarop ingegaan het.

(c) Die nadelige gevolge van verdeelde beheer in die middelbare onderwys.

(i) Gebrek aan beplanning.

(1) Die Komitee wys daarop dat Suid-Afrika die enigste land ter wêreld is waar die Sentrale Regering so ŉ deel van die onderwyskoste dra sonder enige soort Beheer oor onderwysbeleid uit te oefen. Die komitee verduidelik die stelling deur die posisie in verskillende lande toe te lig.[1)]

Die komitee wys verder daarop dat:

„die unieke toestande van Suid-Afrika veral met betrekking tot sy veelrassige probleem, sy snelle nywerheidsontwikkeling, sy verwisseling van ŉ landelike tot ŉ stedelike geïndustrialiseerde bevolking, die noodwendige sosiale ontwrigting wat industrialisasie, wat al sy maatskaplike euwels meebring, het sentrale beleidsbepaling van die onderwys noodsaaklik gemaak ten einde te verseker dat die onderwys tred hou met die eise van die ontluikende patroon van die samelewing en die manne en vroue lewer wat onderlê is om aan die probleme die hoof te bied."[2)]

(2) Beplande onderwys noodsaaklik.[3)]

Dit is noodsaaklik dat die onderwys strominge moet interpreteer en wordende toestande antisipeer ten einde aan die gemeenskap die geskoolde werkkrag op alle gebiede te lewer. Engeland het te midde van ŉ stryd om lewe en dood die belangrikheid van die rol van die skool besef, en op ŉ groot skool beplan op ŉ nasionale basis.

---

1). Interkerklike Komitee: Memorandum, 18-19.
2). Id., 19.
3). Id., 20-21.

In Suid-Afrika is daar in 1955, ten spyte van deurtastende ondersoeke van verskillende kommissies, nog geen doelbewuste beplanning op Uniale basis nie. Naturelleonderwys word kragdadig aangepak terwyl blankeonderwys sporadies en uiteenlopend voortgaan.

Dit is die mening van die Interkerklike Komitee dat sekondêre leergange en leerplanne ingrypende verandering nodig het ten einde die skool sy funksies te laat vervul. Die sekondêre onderwys moet gedifferensieerd wees. Daar word te veel skade berokken deurdat die sekondêre leergang opgestel is vir 'n klein persentasie wat na die Universiteit gaan, en dan toegepas word op 'n groot persentasie wat nooit die universiteit sal sien nie. Dit geld soos aangetoon vir Transvaal.

(ii) <u>Gebrek aan behoorlike en doeltreffende differensiasie en die wanverhouding van leerlinge aan die begin van die middelbare skoolloopbaan.</u>[1]

(1). Die De Villiersverslag het in par. 137 dan ook daarop gewys dat duisende leerlinge na die provinsiale hoërskole gaan, omdat hulle nêrens elders kan heen nie.[2]

(2) Met die verhoogde skoolplig van standerd VI na VIII het die middelbare skool ook in Transvaal nuwe verpligtinge op homself geneem deurdat hy voorsiening moes maak vir die gedifferensieerde behoeftes van duisende leerlinge wat nie meer dieselfde was as die uitgesoekte groep wat vroeër 'n akademiese loopbaan gevolg het nie. Die verdeling aan die begin van die middelbare skool was dus nie volgens aanleg en behoeftes nie.

1). Interkerklike-Komitee: Memorandum, 21-24.
2). Id., 21.

„Effektiewe differensiasie is alleen moontlik as die onderwys in sy breë trekke deur een liggaam beheer word. Dit is hier waar verdeelde beheer die afgelope 30 jaar die direkte oorsaak was dat sekondêre onderwys onmoontlik kon voldoen aan die vereiste, die regte soort onderwys vir almal."[1]
(3) Die te kort aan opgeleide tegnici is grotendeels die gevolg van die gebrek aan wetenskaplike differensiasie van die middelbare onderwys, omdat daar nie 'n nasionale beplande stelsel van beroepsvoorligting bestaan wat kan bydra tot die wetenskaplike verdeling van leerlinge op die middelbare skoolvlak volgens aanleg en behoeftes nie. Wetenskaplike differensiasie van middelbare onderwys is onmoontlik, omdat dit deur die verdeelde beheer „doodgewurg word."

'n Baie groot vraag is nou wat moet in die toekoms word van die groot groep minder begaafde blankes (bereken op die skoolbevolking van 1953 was daar 40,000) daar hulle gebied, die ongeskoolde arbeidsmark, reeds oorwegend in die hande van nie-blankes is![2]

(iii) <u>Verdeelde beheer het gelei tot anomalieë, botsende situasies en oorvleueling.</u>[3]

(1) Onder die verskillende onderwysstelsels in die Unie is verskillende bepalinge van verpligte onderwys, beroepsvoorligting, bevordering, voertaal, ens.

(2) 'n Ongesonde en nadelige splitsing het vir die onderwys ontstaan tussen algemene en beroepsonderwys, i.p.v. dat die twee as dele van dieselfde geheel, aspekte van dieselfde onverdeelbare proses beskou is.

---

1). Interkerklike Komitee: Memorandum 23.
2). Id., 23 - 24.
3). Id., 24 - 26.

(3) Op die gebied van die handelsonderwys veral, het daar 'n ontsaglike oorvleueling gekom. In die tydperk 1925-1931 was daar 'n groeiende aanvraag vir handelsonderwys, 'n aanvraag waaraan die Sentrale Regering nie kon voldoen nie, met die gevolg dat Transvaal en die ander provinsies ook vir handelsonderwys voorsiening gemaak het. Die pogings wat daar tussen die Uniedepartement en die provinsiale departemente aangewend is om 'n bevredigende afbekening van funksies te kry ten opsigte van die handelsonderwys het geen vrug gedra nie. Die belang van die volk is telkemale opgeoffer aan die belange van staatsdepartemente. Kunsmatige koördinasie wat al dertig jaar lank duur het gefaal terwyl effektiewe differensiasie onder een beheer onmoontlik gemaak is. Die kind is die slagoffer van die toestand van sake.

(iv) Verbrokkeling vererger.[1]

Die Sentrale Regering het die posisie vererger deur 'n sesde organisasie, die tegniese kolleges, semi-outonome liggame, toe te laat en finansieel te bevorder om as meedingende en verbrokkelende faktor in die middelbare onderwys te kom. Die beheer van die Sentrale Regering oor die inrigtings is heeltemal indirek van aard.[2]

Die onderwys was geen nasionale saak nie. Die parlementslede kon die aspekte van onderwys wat provinsiaal beheer word nie in die Volksraad bespreek nie. Die hoogste gesag ontduik so hulle verantwoordelikhede en die onderwys kan nooit as geheel gesien word nie.

1). Interkerklike Komitee: Memorandum, 26.
2). Ibid.

(v) Watter voorsiening gemaak is vir beroepsonderwys sedert die oorname in 1925.

Die komitee dui aan:

(1) dat die regering bekommerd is oor die ontoereikende voorsiening wat in die land gemaak is vir beroepsonderwys;

(2) die onvermoë - finansieel - van die provinsies om in die behoefte te voorsien;

(3) dat die Sentrale Regering beroepsonderwys oorgeneem het, hoofsaaklik as gevolg van die finansiële onvermoë van die Provinsies om bevredigende voorsiening te maak.[1)]

Sedert 1925 tot 1950 het die voltydse leerlinge aan die tegniese kolleges vermeerder met 7,467 en die deeltydse studente met 31,500.[2)]

Teen 1957 het die deeltydse studente met 'n verdere 5,300 studente toegeneem.[3)] Hierdie syfers dui dan tog op onmiskenbare en afdoende wyse wat die belangrike en aktuele funksie van die tegniese kolleges is en behoort te wees.

Vanaf 1925 tot 1951 het die leerlingtal in die volle staatsberoepskole gestyg van 1000 tot 3723.[4)] In alle beroepskole tesame was die styging van 3,484 tot 14,043 in die 26 jaar.[5)] Vergelykenderwys word opgemerk dat die blanke middelbare skoolbevolking van die Transvaal alleen gedurende dieselfde tydperk (1925-1951) gegroei het van 20,186 tot 56,616. Die

---

1). Interkerklike Komitee: Memorandum, 27.
2). U.O.D.-Verslag 1925, (U.G. No.6-1927).
D.O.K.W., Jaarverslag 1951 (U.G.60/1952), 68.
3). D.O.K.W., Jaarverslag 1958, (U.G.20/1959),45.
4). Interkerklike Komitee: Memorandum, 30.
5). Ibid.

vermeerderde voorsiening vir beroepsonderwys het dus glad nie tred gehou met die vermeerdering van die middelbare skoolbevolking nie.[1)]

Die Komitee wys daarop dat die sprekendste bewyse dat vorige Sentrale Regerings nie voldoende voorsiening gemaak het vir beroepsonderwys nie, daarin te vind is dat die huidige regering voorsiening moet maak vir die opleiding van volwassenes, en dat deputasies kort-kort na die buiteland gestuur word om vakmanne vir die land se bedrywe te werf.[2)]

In sy jaarverslag van 1946-47, 1948 en 1950 kla die Sekretaris van Onderwys oor die ondoeltreffendheid van die bestaande geboue. Beroepsonderwys is verder sistematies gesmoor deur gebrek aan fasiliteite.

> „Dit ly geen twyfel nie dat op die vraag of die Sentrale Regering voldoen het aan die verwagting wat redelikerwys gekoester is op grond van die oorwegings waarop beroepsonderwys in 1925 oorgeneem is, dan moet hierop net 'n ondubbelsinnige ‚nee' geantwoord word."[3)]

(d) <u>Voorgestelde oplossing van die onderwysvraagstuk.</u>[4)]

Weens die belangrikheid van die aanbevelings en die deurdagtheid wat hulle kenmerk word hier taamlik breedvoerig aangehaal:

Dit is die Komitee se vaste oortuiging dat:

---

1). Interkerklike Komitee: Memorandum, 30.
2). Id. 30-31.
3). Id. 32.
4). Id. 35-36.

(a) Uniale onderwysbeleid ... in Uniale Wetgewing, voorskriftelik en magtigend, beliggaam moet word; en

(b) die horisontale skeidslyn tussen alle vorms van sekondêre onderwys en hoër onderwys, soos oorspronklik bedoel deur en bepaal in die Unie-grondwet, herstel en gehandhaaf moet word, ten einde die volle geleentheid vir die toepassing van effektiewe gedifferensieerde sekondêre onderwys ten bate van die jeug van ons land te verseker.

Vir onmiddellike uitvoering wat geen wetsverandering vereis nie, word voorgestel dat alle interdepartementele ooreenkomste ten opsigte van handelsonderwys opgehef word; vry onderwys vir alle voltydse leerlinge van die D.O.K.W.; ruim voorsiening vir beurse (losies en inwoning) om die beginsel van gelyke geleenthede tot volle uitvoering te bring; en die toepassing van verpligte skoolbesoek regulasies soos by die provinsies.

Die Komitee beveel aan dat alle handels- en huishoudskole onder direkte beheer van of gesubsideer deur die D.O.K.W. deur interim wetgewing aan die provinsiale onderwysdepartemente oorgedra word. Ook sal die Staat die outonome tegniese kolleges oorneem sodat die voltydse en deeltydse onderwys aldaar gegee, voorsien en geadministreer sal word deur die D.O.K.W.

Die Komitee beveel vervolgens 'n kommissie van onderwysdeskundiges aan om 'n Uniale Onderwysbeleid te formuleer.

Die statutêre stelsel maak voorsiening vir drie soorte Statutêre Adviserende Onderwysrade:

(a) algemene vormende onderwys - primêr en sekondêr,

(b) beroepsonderwys, en

(c) universitêre onderwys.

Die indeling van funksies onder die verskillende departemente is as volg:

(a) Funksies van die Uniale Onderwysdepartement:

(i) Wetgewing op aanbeveling van statutêre adviserende rade,

(ii) voorskoolse en naskoolse onderwys,

(iii) sekere vorms van afwykende onderwys,

(iv) ander sake.

(b) Funksies van Provinsiale Onderwysdepartemente:

(i) primêre onderwys.

(ii) sekondêre onderwys.

insluitende sekere vorms van afwykende onderwys op albei vlakke.

(c) Verpligtings van alle onderwysdepartemente ten opsigte van:

1. Verpligte onderwys.

2. Godsdiensonderwys.

3. Taalaangeleenthede.

4. Grense van laer en middelbare onderwys.

5. Lengte van skooljaar.

Vir Transvaal sou hierdie aanbeveling indien deurgevoer beteken dat alle onderwys op die vooruniversitêre peil weer onder die provinsie sou ressorteer. Die opleiding van onderwysers gaan na die Unie-Onderwys-Departement. Die horisontale verdeling soos deur die Grondwet beoog word dus uitgevoer. Volledige differensiasie op die sekondêre vlak sou dus uitgevoer kan word. Deur die toepassing van 'n Uniale beleid sou die Onderwys in Transvaal in lyn gebring word met die ander provinsies.

(e) Uniale Onderwysraad.

Funksies. 1. Om die Minister van Onderwys te adviseer ten opsigte van enige opvoedingsaak.

2. Om verslae, jaarlikse en tussentyds soos verlang, van die volgende te ontvang, te oorweeg en die Minister dienaangaande te adviseer.

a. Adviserende Raad vir Beroepsonderwys.

b. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

c. Provinsiale Onderwysdepartemente.

d. Nasionale Navorsingsburo.

3. Om vertoë wat te eniger tyd deur enige van bestaande liggame aan die Raad gemaak word, te ontvang, te oorweeg en die Minister daaromtrent te adviseer.

Samestellings per regulasies met dien verstande -

1. Voorsitter - geen ex officio - amptenaar nie;
2. Totale ledetal beperk tot 10 lede;
3. lede sal persone wees met gerypte kennis en ondervinding op verskeie onderwysvlakke.
4. minstens een lid van die Adviserende Raad vir Beroepsonderwys sal sitting hê op die Uniale Onderwysraad.

N.B. Alle lede behoort gekies te word op grond van persoonlike hoedanighede alleen.

Vergaderings:

Minstens 2 keer per jaar.

Dienstye

Voorsitter - 3 jaar.

Lede - 3 jaar, een derde tree jaarliks af, herbenoembaar.

Sekretariaat

Voltyds en selfstandig - nie deur die Staatsdienskommissie benoem nie.

Daar is ʼn paar dinge wat dadelik opval. Hierdie Onderwysraad verskil van voriges in die volgende opsigte ten opsigte van die samestelling:

(a) Die lede is gerypte opvoedkundiges en alle federale verteenwoordiging is toevallig:

(b) Die voorsitter en sekretaris is geen ex officio-amptenare nie.

(f). Verdere verloop.

Sedert 21 Februarie 1955 toe ʼn deputasie van die Interkerklike Komitee die Minister van Onderwys te Kaapstad oor die aangeleentheid ontmoet het[1] is verskillende skrywes en deputasies i.v.m. die Memoradnum tot die Minister gerig. Die enigste gevolg was die instelling van ʼn Nasionale Adviserende Onderwysraad wat tot op datum niks uitgevoer het nie.

7. Algemene onderwysontwikkeling tot 1959.

(a) Die Wet op Beroepsonderwys no.70/1955.

Op 30 September 1955 is die Wet op Beroepsonderwys, no.70 van 1955, geproklameer. Die provinsies is nou verplig om aan die vereistes van hierdie wet te voldoen ten opsigte van die beperking van vakke wat as beroepsvakke verklaar word. ʼn Kursus waarin meer as ʼn derde van die vakke voorgeskrewe handelsvakke is of ten opsigte waarvan meer as agt uur per week aan voorgeskrewe handelsvakke gewy word, word as ʼn beroepskursus beskou en word die provinsies verbied om te gee.[2] Vakke soos Boekhou, Ekonomie, Masjienrekene, Snelskrif, Tikskrif, ens. is per regulasie as beroepsvakke voorgeskryf. Die provinsiale skole word dus tot twee sulke vakke en/of agt uur per week beperk. (Hier-

---

1). Sinode Bylaes 1957. S.I.37 (Ned. Geref. Kerk).
2). Die skoolblad, Junie 1957, 1 - 4.

die beperking is later effens verslap deur die Minister van Onderwys, omdat daar op die platteland nie oral beroepsonderwysgeriewe is nie. Op sodanige plekke is 'n derde vak toegelaat en die tydsduur is verleng tot 10 uur.)

Hierdie wet bestendig die dubbele beheer op die sekondêre vlak meer as ooit tevore.

Die Wet op Beroepsonderwys 1955 herroep alle vorige wetgewing in verband met beroepsonderwys en maak voorsiening vir die instelling, instandhouding en beheer van die beroepskole en deeltydse klasse en vir die oorname van die tegniese kolleges deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

Oor die algemeen kan gesê word dat hierdie wet die fasiliteite vir beroepsonderwys uitbrei en dit op 'n nasionale basis plaas.

Transvaal mag kragtens uniale wetgewing nie beroepsvakke gee soos deur die Wet op Beroepsonderwys 1955, gedefinieer nie. Transvaal word dus gedwing om akademiese onderwys aan alle leerlinge te gee. Die gevolg is dat eng sekondêre kursusse in die middelbare skole aangebied moet word, instede dat die skole vry is om 'n wye keuse vanvakke, volgens aanleg, belangstelling en vermoë aan die leerlinge te bied.[1)]

Terwyl die wet beperkings op die provinsies lê, behou die Unie-onderwysdepartement onbepaalde mag om sy leergange uit te brei met die uitwerking dat in verskillende rigtings groot skade aan provinsiale onderwys berokken word. So is dit moontlik in Uniale skole dat voltydse leerlinge die matriekeksamen met

---

1). Kotzee: Beplanning in Onderwys met Spesiale verwysing na die verdeelde beheer, 26.
Die Skoolblad, Junie 1957, 1-4.

universiteitsvrystelling kan aflê sonder 'n enkele beroepsvak in die leergang.

Die grootste beswaar teen die definisie van beroepsonderwys en sy implikasie vir Transvaal is dat dit die beleidsmag van die Transvaalse opvoedkundiges aan bande lê ten opsigte van die bepaling van gedifferensieerde onderwys op die vlak van algemeen vormende onderwys. Die skerp omlynde skeiding wat die wet maak tussen algemene vormende onderwys en beroepsonderwys druis in teen die beginsels van die algemene opvoeding wat vandag nodig is vir 'n komplekse samelewing met so 'n groot verskeidenheid van professionele en beroepsrigtings.[1)]

Dr. Swartz wys daarop dat daar nie doeltreffende gedifferensieerde middelbare onderwys in die land kan wees nie solank dubbele beheer oor middelbare onderwys voortduur:

> „Volkome doeltreffende gedifferensieerde middelbare onderwys is in ons land onmoontlik sonder eenheid van beheer op een of ander basis."[2)]

Die Transvaalse Direkteur van Onderwys verklaar in 'n toespraak dat die ongelukkige verdeelde beheer oor onderwys in Suid-Afrika, en by name die Wet op Beroepsonderwys van 1955 dit vir die Departement onmoontlik maak om komprehensiewe skole volgens die patroon van Amerika waar gedifferensieerde leergange aangebied kan word, in te stel. Middelbare skole wat gedeeltelik komprehensief is, kan slegs ingestel word.[3)]

---

1). Die Skoolblad, Junie 1957, 1 - 4.

2). Swartz : Gedifferensiëerde Onderwys in die Middelbare Skool. (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Oktober 1957).

3). Van Wyk: Gedifferensiëerde Onderwys en Komprehensiewe Skole. (Onderwysblad, 1 Julie 1958).

„Transvaal het die middelbare volkskool as skooltipe vir die toepassing van sy beleid van gedifferensieerde middelbare onderwys aanvaar en wel om die volgende redes:[1]

(i) omdat dit onekonomies is om in die kleiner sentra twee of drie middelbare skole op te rig;

(ii) omdat dit groter skole daarstel wat deur meer kursusse en 'n vryer vakkeuse vir doeltreffende differensiasie voorsiening kan maak;

(iii) omdat dit voorkom dat kinders uit dieselfde gesin in afsonderlike skole afgehok word;

(iv) omdat dit leerlinge in staat stel om maklik van kursus te verander sonder die pynlike ervaring om van skool te verander en desnoods liewer die skool verlaat;

(v) omdat die bevolking van die territoriaal-afgebakende skool 'n beeld van die gewone samelewing vorm; toekomstige leiers en hulle volgelinge ontmoet mekaar daar;

(vi) omdat dit die skadelike wedywering tussen die beroepskool en die akademiese hoërskool beëindig.

(vii) omdat ondersoeke [2] getoon het dat daar geen daling in die standaarde van leerlinge is nie, maar oorvloedige bewyse van verhoging van standaarde;

(viii) omdat afsonderlike skole reeds in Transvaal misluk het, veral omdat dit nie by die demokratiese volksaard aangepas het nie en omdat daar, miskien ten onregte 'n stigma aan die ou juniorhoërskool gekleef het; en les bes

(ix) omdat die huidige volkskole ontstaan het

---

1). Van Wyk: Gedifferensieerde Onderwys en Komprehensiewe Skole: (Onderwysblad, 1 Julie 1958).

2). Dr. Robin Fedley van die Leicesterse Universiteitskollege het by 14 skole in Engeland, Wallis en die Isle of Man ondersoek ingestel.

as gevolg van ŉ natuurlike ontwikkeling op eie bodem."

Kragtens die Wet op Beroepsonderwys van 1955 beheer die Unieregering tans onderwys vanaf die kleuterskool tot die universiteit en die provinsiale owerhede beheer ook onderwys vanaf die kleuterskool tot die opleiding van onderwysers, binne dieselfde geografiese gebied.

(b) <u>Koördineringsdienste</u>.

(i) <u>Die Professionele Onderwysraad</u>.

Gedurende Mei 1951 is ŉ Professionele Onderwysraad en ŉ Onderwysburo in Transvaal daargestel.

Die Professionele Onderwysraad het bestaan uit Hoofinspekteur E. Steyn as voorsitter, inspekteurs W.T. Hurter en J.A. Smuts; mej. E.O. Steyn, dr. G.J. Potgieter en mnr. J.E. Davies deur die Onderwysverenigings benoem; en twee ander lede, prof. dr. J. Chris Coetzee en dr. Arthur Bleksley.[1)]

In 1954 voer die Raad ŉ deeglike bespreking oor die Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel met betrekking tot die gebrek aan ŉ nasionale stelsel en die verdeelde beheer oor middelbare onderwys.

Die volgende twee besluite is geneem;[2)]

„(i) Hierdie Raad voel verontrus oor die huidige onbevredigende posisie in verband met die afbakening van die funksies op die gebied van tegniese, huishoudkundige en handelsonderwys en wens die Direkteur van Onderwys te adviseer om alles in sy vermoë te doen om te verseker dat alle onderwys tot standerd X aan die Provinsies teruggesorg word.

(ii) Hierdie Raad gee aan die hand dat stappe gedoen moet word om te verseker dat ŉ baie groter mate van koördinasie op die breër beginsels van

1). T.O.D.-Verslag 1951 (T.P.9-1955), 6.

2). T.O.D.-Verslag 1954 (T.P. 6-1955), 7.

die onderwysbeleid tussen die vier provinsies en die vier provinsies en die Mandaatgebied ingevoer moet word."

Met die instelling van die Raad van Advies insake Onderwys kragtens artikel 4 van Onderwysordonnansie, 1953, het die Professionele Onderwysraad opgehou om te bestaan.[1)]

Die nuwe Raad van Advies is 'n Statutêre liggaam wat 'n hoër status beklee as die vorige Professionele Onderwysraad. Volgens subartikel 4(7) van die Onderwysordonnansie van 1953 is die funksie van die Raad om die Direkteur van advies te bedien ten opsigte van onderwysvraagstukke in die provinsie.[2)]

Die voorsitter is mnr. W.J. Snyman, Hoofinspekteur. Die twee inspekteurs is dr. T. le Roux en mnr. C.B. Linder. Die drie persone verteenwoordigende die onderwysprofessie is mnr. A.J. Koen, dr. G.J. Potgieter en dr. P.G. Macmillan. Die twee ander persone is dr. A.H. Bleksley en prof. dr. J. Chris Coetzee.

Gedurende 1955 is onder meer die nasionale onderwysbeleid en die status van die Onderwysdepartement behandel.

Gedurende 1956 het weereens die onderwysbeleid onder bespreking gekom.[3)] Ook die Onderwysburo het in hierdie jaar die vraagstuk van Uniale onderwysbeleid en provinsiale onderwysbeheer oorweeg.

In Transvaal het die kwessie van verdeelde beheer en die probleme wat daaruit voortspruit steeds ernstige aandag geniet.

---

1). T.O.D.-Verslag 1953 (T.P.5-1956), 7-8.
2). T.O.D.-Verslag 1955 (T.P.5-1958), 2.
3). T.O.D.-Verslag 1956, (T.P. 7-1958), 2.

(ii) Die Nasionale Onderwysraad.

Sedert 1952 is die Direkteur van Onderwys van Suidwes-Afrika ook lid van die Komitee van Onderwyshoofde.[1] Hierdie Komitee het sedert die Interprovinsiale Raadplegende Komitee se ontbinding in 1956 voortgegaan om as 'n koördinerende liggaam te funksioneer en is deur die gestigte Nasionale Onderwysadviesraad aangewys om die Raad in 'n adviserende hoedanigheid by te staan.[2] Die Nasionale Onderwysraad is op 30 Oktober 1957 gestig met die Minister van Onderwys, Kuns, en Wetenskap as voorsitter, die vier Administrateurs van die verskillende provinsies en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap wat die sekretariaat sou behartig.[3]

Gedurende 1958 het die Komitee van Onderwyshoofde net een vergadering gereël terwyl die Nasionale Onderwysadviesraad toe nog nie weer na sy stigtingsvergadering byeengekom het nie.[4]

(c) Plaaslike beheer in Transvaal.

'n Algemene verkiesing van lede van skoolrade het in 1956 plaasgevind volgens die nuwe wykstelsel.[5] Alhoewel die ou Onderwyswet van 1953 (later gewysig deur Ordonnansie no.21 van 1955), 'n ampstermyn van 3 jaar vir skoolrade bepaal, het skoolrade al sedert 1932 vir tydperke van 5 jaar en langer in funksie gebly. Die rede hiervoor is dat die verkiesing van skoolrade afhanklik was van die beskikbaarheid van parlemen-

---

1). D.O.K.W., Jaarverslag 1952 (U.G.12-1954), 34.
2). D.O.K.W., Jaarverslag 1957 (U.G.22-1958), 18.
3). D.O.K.W., Jaarverslag 1957 (U.G.22-1958), 21.
4). D.O.K.W., Jaarverslag 1958 (U.G.20-1959), 16.
5). T.O.D.-Verslag, 1956 (T.P. no.7 - 1958), 5.

têre of provinsiale kieserslyste. Nou dat slegs die Transvaalse ouers van skoolgaande kinders aan die verkiesings van skoolrade deelneem en dit nie langer nodig is om skoolraadsgebiede telkemale in ooreenstemming met die jongste delimitasie van kiesafdelings te bring nie, sal die samestelling van skoolrade hopelik in die toekoms meer gereeld kan plaasvind.

Na die geslaagde verkiesing van skoolraadslede volgens die nuwe verkiesingsstelsel, het die nuutaangestelde skoolrade hulle amp op 1 Februarie 1957 aanvaar en bly in hulle amp tot 31 Januarie 1960.[1)]

Skoolkomitees fungeer nog almal soos wat by wetgewing beoog word. Aangesien dit feitlik verpligtend is dat daar vir elke laerskool 'n komitee sal wees, word die verkiesings gereeld deur die skoolrade georganiseer.[2)]

8. Kritiese Beoordeling.

Die Lynchkomitee wat moes verslag doen oor die De Villiersverslag beveel aan dat alle nie-tegniese beroepsonderwys weer onder provinsiale beheer sal kom. Om doeltreffende differensiering te verseker word 'n soort van komprehensiewe hoërskool aanbeveel. Die Juniorhoërskool en die skoolplaas verdwyn hiermee.

Die Oorsese Sending kom tot die slotsom dat die toepassing van gedifferensieerde middelbare onderwys ten nouste saamhang met die mate van eenheid van onderwysbeheer in Suid-Afrika.

In Suid-Afrika en in besonder inTransvaal kom dit daarop neer:

---

1). T.O.D.-Verslag 1957 (T.P. no.3-1959), 13.
2). Id., 14.

„Behou verdeelde beheer en belemmer differensiasie of beëindig verdeelde beheer en bewerkstellig differensiasie."

Die hoofverdienste van Ordonnansie no.29 van 1953 is die konsolidering van alle onderwyswetgewinge, kleiner ordonnansies, regulasies en reëls. Beheer bly onveranderd behalwe 'n geringe toegewing aan skoolkommissies wie se aanbevelings nou gelykwaardig is met die skoolraad en dat beide skoolkommissie en skoolrade voortaan net deur ouers verkies word.

Ook na 50 jaar bly die beheer van onderwys stewig gekoppel aan die finansiële vermoë van die provinsies om in die verskillende vertakkings van die onderwys te voorsien.

Die voorstanders van C.N.O. stel in 1948 'n duidelike beleid. Sedert 1910 het die Afrikaanse kerke en die voorstanders van C.N.O. steeds gehamer op groter beheer en seggenskap deur die ouers van die onderwys van hulle kinders. Verskeie kommissieverslae het dan ook gehoor gegee aan die druk en aanbevelings in die voeë gedoen. Dis egter tragies dat daar so min gekom het van die pragtige verslae en aanbevelings. Die geringe toegewings wat verkry is ten opsigte van suiwer plaaslike instansies is dan ook te danke aan die druk van die C.N.O.-leiers en kerkmanne.

Die deeglikste studie van die beheerprobleem is seker gedoen deur die Interkerklike Komitee van die drie Afrikaanse Kerke. Die hele beheerkwessie is deeglik ontleed, daar is 'n horisontale verdeling van beheer soos deur die Suid-Afrika-Wet beoog aanbeveel asook 'n Uniale Onder-

wysraad wat moet dien as samesnoerende krag.

'n Terugslag vir die doeltreffende gedifferensieerde onderwys in Transvaal en die ander provinsies is die Wet op Beroepsonderwys no.70 van 1955 wat die vertikale verdeling in die onderwys skerper gemaak het en die dubbele beheer in die middelbare skole meer as ooit tevore bestendig het.

---oOo---